

PULA IMVULA

>> GROWING FOOD >> GROWING PEOPLE >> GROWING PROSPERITY >>



JUNIE
2018

Hou jou ou stroper aan die lewe en bewe

Graan SA tydskrif vir
ontwikkende boere

Lees binne:

- 04 Die voordele en nadele van
tussen-ry gewasverbouing
- 06 'n Koöperasie wat
voortreflik funksioneer
- 10 Bemaking
– dink alternatief



Ouer stroper kan steeds die werk gedoen kry indien jy na hulle kyk.

'n Integrale deel van jou bewerkings-operasie is jou stroper. 'n Stroper is 'n groot belegging en moet versorg word sodat dit doeltreffend kan werk en die toets van die tyd kan deurstaan.

Nie almal kan bekostig om 'n nuwe stroper te koop nie. Om hierdie rede is dit noodsaaklik om jou ouer toerusting goed te versorg sodat jy die ekstra koste vir die aankoop van 'n nuwe masjien, of 'n kontrakteur om jou gewasse te oes, vermy. Goeie instandhouding is ook noodsaaklik, aangesien nuwe onderdele duur en soms moeilik is om te bekom vir die ouer masjiene. Mens moet seker maak dat jy alles doen wat jy kan om skade te verminder.

Met die gebruik van ouer stroper wat deur trekkers gesleep word, is daar 'n paar belangrike

prosesse en roetines wat jy moet volg om hulle te laat werk en aan die gang te hou.


Gaan gereeld na

Die volgende moet gereeld nagegaan word, veral voor die oesseisoen begin en as roetine gedurende die oestyd.

Kettings en ratte

Ouer stroper het baie bewegende dele, van die inlaat tot die uitlaat. Elke dryfas wat draai en roteer, word aangedryf deur 'n ketting wat op 'n rat loop. Dit is noodsaaklik om seker te maak dat die kettings goed gesmeer en teen die regte spanning ingestel is.

Wanneer 'n ketting los is, sal dit glip, wat die tande op die ratte sal wegslyt. Jy sal ook minder





OUMA JANE SÊ...

In Suid-Afrika probeer ons die landbousektor versterk en verenig, alle grondgebruik verbeter en nuwe boere ontwikkel. Dit is regtig uitdagend, omdat daar 'n groot aantal rolspelers is wat na die tafel toe moet kom indien ons dit wil laat slaag. Ons het gevind dat die boere baie gewillig en gretig is – alle boere met alle vorms van grondbesit en alle groottes van bewerkbare grond.

Boere benodig insette, of verkieslik die geld om die korrekte insette op die regte tyd te koop. Dit blyk 'n groot uitdaging te wees. In die kommersiële sektor het die boere titelakte op hul grond en dit is 'n bate. Hulle kan die finansiële instelling 'n verband op die eiendom gee en dan kan hulle geld teen hierdie bate leen. Hierdie geld word gebruik om die insette te koop. Ja – as dinge verkeerd gaan, sal die bank die plaas gebruik om die geld wat aan hulle verskuldig is, te verhaal.

Baie van ons swart boere het nie titelakte op hul plaas nie – hulle kon die plaas ontvang het deur die PLAS-skema van die Departement van Grondsake, of hulle kon op gemeenskaplike grond boer. In albei gevalle het hulle nie titelakte op die grond nie en kan hulle dus nie leen nie. Tensy hulle 'n ander bron van inkomste het, is daar nie geld om insette te koop nie en dus word die grond nie optimaal gebruik nie. As gevolg van hierdie beperkinge, gebruik die boere saad wat hulle gehou het (of daarin geslaag om goedkoop te koop) en moontlik geen kunsmis of chemikalieë vir onkruidbeheer nie. Met hierdie praktyke sal hulle nie 'n goeie opbrengs behaal nie en sal die boerdery nie wins maak nie.

In die gevalle wat hierbo genoem word, kyk die boere na die regering om hulp. Dit is vir die regering moeilik om dit te doen – hulle koop dikwels die verkeerde insette (omdat dit spesifiek vir elke plaas en gewas moet wees) en as gevolg van hul lang en ingewikkelde sisteme om dit te bekom, is die insette gewoonlik te laat. Laat insette lei tot laat plant en dit lei tot swak opbrengs.

As ons hierdie uitdagings aanpak, sal alle partye nuwe vorms van finansiering vir produksie moet aanbied – die bestaande stelsels is eenvoudig nie voldoende nie en ons gaan nie nuwe boere ontwikkel nie.

Hou jou ou stroper aan die lewe en bewe

Goeie instandhouding is ook noodsaaklik, aangesien nuwe onderdeel duur en soms moeilik is om te bekom vir die ouer masjiene.

doeltreffendheid van graaninname hê en sodoende jou opbrengs verlaag. Kettings is nie baie duur nie, daarom is dit verstandig om enige ketting te vervang wat nie in 'n goeie toestand is nie. Maak seker dat die ratte waarop die kettings beweeg, ook in 'n goeie toestand is, aangesien dit ook direk

gekoppel is aan die doeltreffendheid van jou masjien en alles glad laat verloop.

Soms kan nuwe rat onderdele vir die ouer stropers moeilik wees om te vind. As dit so is, sal jy 'n ingenieurswese moet kry om 'n nuwe een te bou.

Belde en katrolle

Belde en katrolle dryf ook aste aan en moet glad, sonder spanning en weerstand draai. Dit is baie belangrik dat hulle goed funksioneer, sodat jy sekondêre skade aan aste en kettings kan vermy.

Belde kan oor tyd verweer en bros word. Hulle kan ook rek, wat veroorsaak dat hulle gly. Maak seker dat die belde



Kontroleer en herstel katrolle aan die begin van elke seisoen.



mooi en styf is en dat hulle in 'n goeie toestand is. Belde is beskikbaar in alle vorms en groottes, as jy dus 'n nuwe een koop, maak seker dat jy die ou een saam met jou neem as 'n riglyn vir die grootte.

Katrolle is metaalwiele waarop die belde loop. Dit kan ook verweer en roes oor tyd, veral as die masjien buite staan. Maak seker dat jy dit aan die begin van elke seisoen nagaan om seker te wees dat hulle in goeie werkende toestand is. Draai hulle met die hand en voel die sterkte van die metaal. Onderdele vir katrolle kan ook moeilik wees om te bekom. Jy moet dalk 'n tweedehandse skroothandelaar kontak of een deur ingenieurs laat maak.

Laers

Laers ervaar baie slytasie, veral in stowwerige toestande. Hulle moet nagegaan word voor die seisoen en daaglik gedurende oestyd. Hulle moet gesmeer en gehries word op 'n gereelde basis. As 'n laer breek, kan dit ook sekondêre skade veroorsaak as dit nie vinnig opgemerk word nie.

Gaan gereeld na

Die volgende dele moet gereeld nagegaan word, veral voor oestyd.

Snylemme

Snylemme sny die stingels voordat hulle in die masjien ingevoer word. Hulle moet skerp wees

om verstopping en die invoer van ongesnyde plante onder die stroper in, te verhoed. Ouer stropers, soos die Slattery eenry, het drie sekellemme wat aan die basis van die inlaat roteer. Hulle is maklik om te vervang en spaarblaaie is gereedlik beskikbaar by die meeste boerdery implementeverskaffers.

Siwwe

Maak seker dat die siwwe geen gate het nie en dat hulle nie geroes en stukkend is nie. 'n Swak sif sal die kwaliteit van jou graan se graad negatief beïnvloed, omdat stronke en vuilgoed nie effektief verwyder word nie.

Awegaars

Awegaars moet in 'n goeie toestand wees, aangesien hulle graan na die graantenk vervoer en ook van die graantenk na die sleepwa of vragmotor. Maak seker dat dit nie op die omtrek verweer is nie, aangesien dit graan laat agterbly en kan ook jou graan split deur dit tussen die awegaar en die omhulsel te "maal". Kontroleer dat daar geen gate in die awegaarblaaie is wat die doeltreffendheid van jou masjien sal verminder nie.

Graantenk

Maak seker dat die graantenk geen gate daarin het nie. Soms kan die metaalvoering van die graantenk wegroes en gate veroorsaak wat graan laat uitlek. Hierdie soort vermorsing moet ten alle koste vermy word. Indien daar 'n gat is, moet jy dit regmaak deur 'n nuwe metaalplaat daaroor te sweis.

Drom

Stel die drom voor die oestyd begin. Die drom kan gestel word om minder, of meer aggressief te wees. Wanneer jy begin oes, doen 'n klein proef en kyk na die kwaliteit van die graan. As daar baie gebreke en gesplete graan is, sal jy die drom minder aggressief moet stel. Dit is 'n eenvoudige proses om die bote los te maak wat die klampe op die hoof inlaat awegaar vasdraai en dit uit of in te beweeg.

Gevolgtrekking

Ouer stropers kan steeds die werk gedoen kry. Hulle is goed gebou, maar hulle moet ook goed na gekyk word. Maak dit roetine om die bogenoemde stappe te volg, ten einde alles in beweging en goed instand te hou vir jare wat kom. 🌽

Artikel verskaf deur Gavin Mathews, Baccalaureus in Omgewingsbestuur. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na gavmat@gmail.com.



Maak seker dat awegaars in 'n goeie toestand is, omdat hulle die graan vervoer vanaf die graantenk na die sleepwa.

Die voordele en nadele van TUSSEN-RY GEWASVERBOUING

Voordat jy kop eerste in 'n ander “nuwe” landboupraktik soos tussen-ry gewasverbouing inspring, is dit raadsaam om eers die ingewikkeldhede van die proses deeglik te oorweeg – met al die voordele en nadele daarvan – en daar is werklik twee kante van hierdie munt!

Wat is tussen-ry gewasverbouing?

Een van die primêre uitdagings vir boere vandag is om hul uitset per hektaar op 'n volhoubare wyse te verhoog. Tussen-ry gewasverbouing is in wese 'n veelvoudige bewerkingspraktik wat behels dat twee of meer gewasse op dieselfde land groei.

Die primêre doel van tussen-ry gewasverbouing is om die hoogste potensiële opbrengs van 'n bepaalde land te behaal deur die potensiaal van die hulpbronne teenwoordig op 'n gegewe tydstep, te maksimeer. Dit is 'n stelsel wat tradisioneel deur kleinboere in tropiese klimaat gebruik word, waar 'n kombinasie tussen graan en peulgewasse algemeen voorkom.

Daar is verskillende benaderings tot tussen-ry gewasverbouing soos:



Tussen-ry gewasverbouing kan gedoen word op verskillende maniere – hier is skorsies geplant in rye tussen mielies.

- Gemengde tussen-ry verbouing – twee of meer gewasse word in 'n mengsel geplant sonder 'n duidelike rypasiëring.
- Twee verskillende gewasse in rye – twee of meer gewasse word in afsonderlike rye geplant.
- Gewasse wat mekaar aflos – twee of meer gewasse word gelyktydig gekweek as deel van die lewensiklus van elkeen, dit wil sê 'n tweede gewas word gesaai nadat die eerste gewas goed gevestig is, maar voordat dit die oesstadium bereik.
- Strook gewasverbouing – twee of meer gewasse word gelyktydig in afsonderlike stroke geplant, wyd genoeg uitmekaar vir onafhanklike verbouing.

Wanneer twee of meer gewasse saam geplant word, sal hulle kompeteer of fasiliteer (help) vir lig, water en voedingstowwe. Hulle kan daarom 'n negatiewe, of positiewe invloed op mekaar hê. Suksesvolle tussen-ry gewasverbouing hang af van 'n goeie balans tussen mededinging en fasilitering. Voorbeelde van sterk fasilitering is waar peulplante die grondkwaliteit verbeter as gevolg van hul stikstofbindende karakter, of waar 'n tweede gewas dien as 'n dekgewas wat skaduwee aan die grond gee en waterretensie verhoog, of dien as 'n windbreker wat 'n gewas beskerm, of verminderde winderosie toelaat. Die ander kant van die munt is waar die sekondêre gewas kompeteer met die primêre gewas vir vog, spasie en voedingstowwe.

Waarom beoefen boere tussen-ry gewasverbouing?

Die belangrikste motivering vir tussen-ry gewasverbouing is om die uitset per hektaar te verbeter, maar dit kan slegs bereik word met deeglike gewasseleksie en deurlopende aandag aan detail. Daar is 'n paar boere wat tussen-ry gewasverbouing gebruik om die digtheid van organiese materiaal in die rye te verbeter, om grondtemperatuur te verminder en grondvog te behou. In hierdie geval verwys hulle na die sekondêre gewas as 'n “lewende bedekking”. Dit beteken dat dit belangrik is om elke oes se waterbehoefes gedurende die groeiseisoen te verstaan.

Een van die hoofredes vir tussen-ry gewasverbouing in 'n kommersiële onderneming, is 'n poging om die behoefte aan diervoeding, veral gedurende die droë seisoen, aan te spreek. Dit is algemene praktik dat diere op mieliereste wei nadat die oes afgehandel is, maar mieliereste met lae proteïeninhoud het nie 'n hoë voedingswaarde nie. Een manier om die kwaliteit van winterweiding te verbeter, is dan tussen-ry gewasverbouing.

'n Paar voordele van tussen-ry gewasverbouing

- Potensiële verhoogde oesopbrengs per eenheidsarea.
- Verbeterde grondvrugbaarheid deur peulgewasse te gebruik by tussen-ry gewasverbouing, byvoorbeeld stikstofbinding.



Tussen-ry gewasverbouing met bone, let daarop dat die groeispasie min is.



- Verminderde gronderosie.
- Verlaagde grondoppervlakte verdamping.
- Verminderde onkruidbesmetting (Mthembu *et al.*, 2018: 363).

'n Paar nadele van tussen-ry gewasverbouing

- Tussen-ry gewasverbouing is nie altyd geskik vir 'n gemeganiseerde boerderystelsel nie.
- Tydrowend: Dit verg meer aandag en dus verhoogde intensiewe, kundige bestuur.
- Daar is verminderde doeltreffendheid by aanplant, onkruidbeheer en oes wat tot arbeidskoste van hierdie bedrywighede kan bydra.
- Goeie beplanning is baie belangrik en sluit noukeurige kultivarkeuse, behoorlike spasiëring, ensovoorts in.

Die grootste uitdaging om tussen-ry gewasverbouingstelsels te implementeer, is die voornemende beplanning van plant, verbouing, bemesting, bespuiting en oes van meer as een gewas op dieselfde land.

Gewaskeuses – vind die wenkombinasie op jou lande

Die mees algemene tussen-ry gewasverbouing wat op die oomblik beoefen word, is waarskynlik die graan-peulgewas kombinasie. Mielies word tussen rye aangeplant met óf boontjies, of akkerbone. Boere met 'n sterk lewendehawe komponent in hul boerderyonderneming hou daarvan om mielies en akkerbone te meng, maar dan moet die hele mielieplant deur vee bewei word. 'n Boer in die Noordwes Provinsie plant elke jaar hierdie kombinasie op sy lande om in die droë wintermaande vir sy skape en sommige beeste te voorsien. Dit was 'n groot sukses. In sy stelsel word

die mieliekoppe nie vir menslike verbruik geoes nie, maar op die plante gelaat vir beweiding. Die somme werk baie gunstig uit, aangesien daar nie meganisasie of arbeidskoste is nie, omdat die diere inderdaad hul eie voedsel oes.

Boere moet gewasse kies wat versoenbaar is. Dit beteken dat hulle goed langs mekaar sal werk, en óf volwasse word, óf een oes sal "wag" terwyl die ander volwasse word.

Doen goeie huiswerk

Sorgvuldige seleksie van die plante wat langs mekaar verbou moet word en die intensiewe bestuur van die groeiproses, is die sleutel.

Wat leer die Graan SA Boereontwikkelingsprogram?

Aangesien boereontwikkeling op baie verskillende vlakke moet plaasvind en omdat ons kommersiële graanproduksie teiken, bevorder ons nie tans tussen-ry verbouingspraktyke nie. In plaas daarvan, moedig ons ons span aan om boere se aandag op die belangrikheid van die optimalisering van produksiepotensiaal te fokus, deur die gebruik van beste landboupraktyke binne 'n monoproduksie en wisselboustelsel, waar moontlik.

Ons fokus is op die bou van gesonde grond en die bevordering van vogbewaring in die grond. Ons het oorlog verklaar teen vogverlies en onkruid wat voedingstowwe onttrek en die bevordering van grondmonsters en uitstekende bemestingspraktyke. Boere word aangemoedig om hul eie behoeftes te evalueer en om toepaslik te groei vir die markte en hul eie huishoudings.

Waar 'n boer die behoefte aan diversiteit van produksie identifiseer, byvoorbeeld vir huishoude-

like voedselsekureit, sal ons eerder 'n boer aanmoedig om 'n land in onderafdelings te verdeel en die gewasse op 'n rotasiebasis te plant (nie op dieselfde stuk grond terselfdertyd nie). Dit is ons oortuiging dat dit boere bemagtig om hul beste aandag te gee aan die vordering van elke gewas, sonder die uitdagings wat deur 'n tussen-ry verbouingstelsel gebied word – byvoorbeeld waar boontjies begin om hul rankers te stuur om die mieliestronke te draai, wat die mielies se oesproses belemmer.

Tussen-ry gewasverbouings kan die uitset per hektaar verhoog, maar SLEGS indien die boer die deskundige kennis het wat nodig is om geskikte gewasse te kies en SLEGS indien die boer die bestuurskundigheid en tyd het om insette te lewer in die versorging van die gewasse. Die sleutel is om jou huiswerk goed te doen en die verhoogde bestuursvereistes van hierdie intensiewe boerderystelsel te erken.

Verwysingslys

- Berry, S. D., Dana, P., Spaull, V.W. en Kadet, P. 2009. Effek van tussen-ry verbouing op nematodes by twee kleinskaal suikerrietboerderystelsels in Suid-Afrika. *Nematropica* 39: 11-33.
- Mthembu, B ..., Everson, T.M. & Everson, C.S. 2018. Tussen-ry verbouing van mielies (*Zea mays* L.) met *dolichos* bone (*Lablab purpureus* L.) vir volhoubare voerproduksie en kwaliteit by kleinskaal landboerderystelsels in Suid-Afrika. *Agro-ekologie en Volhoubare Voedselsisteme* Vol.42.2: 362-382.

Artikel verskaf deur Jenny Mathews, Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na jenjonmat@gmail.com.



Sonneblom en Babala Manna – beide sal 'n swak opbrengs lewer.

‘N KOÖPERASIE WAT VOORTREFLIK FUNKSIONEER

Sentraal-Suid Koöperatief Bpk (SSK), is ‘n gediversifiseerde landbou inset-verskaffer en diensverskaffer wat in die Wes-, Suid- en Oos-Kaap funksioneer. Hul hoofkantoor is op Swellendam geleë en die organisasie dien die afgelope 87 jaar sy lede as ‘n koöperasie.

SSK streef daarna om die welvaart en oorlewing van die organisasie en sy lede te verseker deur groei en diversifikasie te bevorder, terwyl stabiliteit in die gemeenskap wat dit bedien, behoue bly. Dit word gedoen deur lae insetkoste te handhaaf, ‘n wye verskeidenheid produkte aan

te bied, dienslewering van uitstaande gehalte en die ondersteuning van sy lede met die bemarking van hul produkte.

Sedert 2006 is SSK aktief betrokke by bemagtigingsinisiatiewe by primêre landbou in sy geografiese diensgebied. Hierdie betrokkenheid kom uit SSK se begeerte om by te dra tot die verwesenliking van landboutransformasie in Suid-Afrika.

Die doelstellings van sulke projekte is die skepping van volhoubare kommersiële plase vir opkomende boere en die bevordering van ‘n boerderykultuur van entrepreneurskap en toewyding, waar boere bemagtig sal word om

te ontwikkel tot volskaalse kommersiële boere. Om dit te doen, is dit noodsaaklik dat hulle toegang sal hê tot voldoende befondsing om hul eie produksie insette te finansier, sowel as om ‘n gesonde lewenstandaard vir hul gesinne te skep.

Voldoende befondsing, sowel as deurlopende mentorskapprogramme en hulp met suksesvolle krediet- en administrasiebestuur, was die deurslaggewende faktore wat deur SSK geïdentifiseer is om die sukses van sulke projekte te verseker. Volgens SSK se voorsitter, Dirk van Papendorp, is die volgende areas belangrik vir opkomende boere om suksesvol te wees:



Lede van die Suurbraak Graanboere Koöperatief Bpk, met hulle mentor.
Van links, Alan Jeftha, Chris Louw, Dirkie Willemsse, Dirk van Papendorp en Wilmar Adams.



Van links, Wilmar Adams, Dirkie Willemse, Chris Louw en Alan Jetha.

- Toegang tot voldoende bewerkbare en bruikbare grond.
- 'n Passie vir boerdery en alles wat dit behels.
- Holistiese plaasbeplanning met die fokus op presisieboerdery, om doeltreffendheid en mededingendheid te verseker.
- Finansiële beheer en begrotingsbeplanning, om wanbestuur van fondse te voorkom.
- Doelgerigte mentorskap, ten einde optimale produksie van landbouprodukte te verseker.

Om die kritieke areas hierbo te bespreek en om lidmaatskap van SSK te fasiliteer, is 'n Lidmaatskap Bystandsfonds gestig. Voornemende lede doen aansoek vir 4 000 aandele in SSK teen 'n totale nominale waarde van R4 000. Hierdie bedrag word aan die lid geleen teen nul rente, sonder enige vaste terugbetalingsdatum.

Alle lede se bonusverklarings word outomaties aangewend teen hierdie skuld totdat die lening ten volle terugbetaal is, waarna lidmaatskapbonusse deur die gewone loop van besigheid betaal sal word. Elke lid wat van hierdie inisiatief gebruik maak, kwalifiseer ook vir 'n kredietfasiliteit wat gewaarborg word deur die aandele wat in SSK gehou word.

Die aktiewe mentorskapprogram behels hulp met produksieplanne, grondvoorbereidingsbegrotings, oesbegrotings en omgewingsplanne. Monitoring en evaluering deur toegewyde SSK agronome, landbou ekonome en kredietbestuurders, vind deurlopend plaas. Die produksieplan

beskryf die aktiwiteite wat binne 'n bepaalde tydperk uitgevoer moet word; die doelwitte vir die aktiwiteite; sowel as prestasie aanwysers wat gebruik word om vordering te monitor en te evalueer om gapings en geleenthede proaktief te identifiseer.

- Die grondvoorbereidingsbegroting word geskep om koste aan te spreek tydens die voorbereiding van produksie van gewasse en moet die opkomende boer in staat stel om die gewasse regdeur die jaar op 'n normale produksiekostebegroting te plaas.
- Die jaarlikse oesbegroting dien om die koste van alle uitgawes wat nodig is vir 'n volle jaar van oesproduksie, te kwantifiseer.
- Die omgewingsplan stel die riglyne vas vir die benutting van die totale grondgebied, om oorbenutting te voorkom.

SSK is aktief betrokke by die volgende transformasieprojekte in sy streek:

- Die Suurbraak Graanboere Koöperatief Bpk is in 2011 gestig en verbou tans 700 hektaar somergraan.
- Die Slangrivier Saambou Boere Koöperatief Bpk is in 2012 in die Heidelberg-distrik gestig. Ongeveer 172 hektaar somergraan word tans verbou.
- Olieboomsdraai Koöperatief Bpk is in 2015 in die Heidelberg-distrik gestig en verbou 232 hektaar somergraan.

Verskeie ander individuele opkomende somergraan, tabak en veeboere is tans begunstigdes van

SSK streef daarna om die welvaart en oorlewing van die organisasie en sy lede te verseker deur groei en diversifikasie te bevorder, terwyl stabiliteit in die gemeenskap wat dit bedien, behoue bly.

die SSK gemeenskaps mentorskapprogramme. SSK lidmaatskap van voorheen benadeelde individue het in 2017 van 1% in 2013 tot 6% gestyg.

Verwagte uitkomst van hierdie projekte is dat boere die geleentheid kry om genoeg kapitaal gedurende 'n vyf jaar befondsingsperiode te bou om selfversorgend te word. Van Papendorp is van mening dat die SSK model van geleidelike, maar volhoubare bemagtiging, uiteindelik 'n suksesverhaal van landboutransformasie in Suid-Afrika sal maak.

Artikel verskaf deur Annelie van Wyk, Senior Bestuurder, Bemaking en Kommunikasie, SSK. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na Annelie.vanWyk@ssk.co.za.

WINTERGRAAN:

Die nuwe seisoen kom nader

Die winter kom nader en daarom is die nuwe plantseisoen vir wintergraan aan die gang en alle oë is gefokus op die weerverwagtinge vir die nuwe seisoen.

Die Wes-Kaap, waar die meeste wintergraan, wat koring, kanola en gars insluit, geproduseer word, het 'n baie moeilike jaar ten opsigte van produksietoestande gehad. Die droogte deur die produksieseisoen het die Wes-Kaap se produksie onder druk geplaas, en dus ook die totale produksie van die kommoditeite.

Die nuwe seisoen

Volgens die Oesskattingskomitee (OSK) is daar 'n paar gemengde resultate in terme van die area wat met wintergraan geplant sal word gedurende die seisoen. Die verslag van die OSK het aangedui dat die area wat onder koring aangeplant sal word, 500 500 hektaar sal behaal, wat 1,8% meer is as die gebied wat in die vorige seisoen geplant is.

Die koringproduksie toestande in veral die Wes-Kaap, was baie moeilik gedurende die 2017/2018 seisoen, aangesien die droogte ernstige verliese aan gewasse veroorsaak het. Die nuwe seisoen se aanplantings wat effens opwaarts vertoon, word meestal in die Vrystaat verwag, aangesien die verwagting is dat die area wat in die Vrystaat geplant gaan word, met 15 000 hektaar vanaf die vorige seisoen se area kan toeneem. Die gebied wat in die Wes-Kaap geplant word, sal na verwagting 'n effense daling toon teenoor die vorige seisoen se aangeplante area.

Kanola en gars het gemengde resultate getoon, aangesien die verwagtinge vir die gebied wat onder kanola aangeplant word, laer is as



Die koring lyk goed.

die oppervlakte wat in die 2017/2018 seisoen geplant is. Die totale verwagte oppervlakte van kanola sal waarskynlik 78 500 hektaar van die 84 000 hektaar in die vorige seisoen bereik. Die garsarea wat vir die seisoen geplant sal word, sal na verwagting effens hoër wees vir die komende seisoen, aangesien die verslag van die OSK oor die voorneme om te plant, aangedui het dat die garsarea geplant 95 700 hektaar vir die seisoen kan bereik.

Wat verwag kan word

Die plaaslike markpryse vir kommoditeite soos koring, kom meestal van internasionale mark-

pryse en daarom het die veranderlikheid in die Suid-Afrikaanse produksie nie so 'n groot impak op die plaaslike pryse nie. Die mark verhandel meestal naby aan die invoer pariteitsprys, aangesien Suid-Afrika 'n netto invoerder van koring is. Dit is belangrik om die twee konsepte te verstaan om dit in meer perspektief te plaas.

Netto invoerder: Dit beteken dat die totale hoeveelheid koring wat in Suid-Afrika verbou word, minder is as die totale hoeveelheid wat verbruik word. Dit beteken dat Suid-Afrika koring moet invoer om in die plaaslike vraag te voorsien. Die pryse is dus die meeste van die tyd naby aan die **invoer pariteitsprys**.

Invoer pariteitsprys: Die term invoer pariteitsprys dui die prys aan wat dit die land sal kos om die koring uit sommige internasionale bestemmings in te voer. Aangesien Suid-Afrika 'n netto invoerder van koring is, voer die land die meeste van die tyd koring in. Die kopers het dus die keuse om óf plaaslik geproduseerde koring, of ingevoerde koring te koop. Daar is altyd 'n behoefte aan ingevoerde koring en daarom verhandel die plaaslike pryse naby die **invoer pariteitsprys**.

Die internasionale marktoestande het dus 'n groter impak op die plaaslike markpryse as die plaaslike produksietoestande en die internasionale markpryse moet dopgehou word om vas te stel wat die moontlike prysbewegings in die plaaslike pryse kan wees. 🌱

Artikel verskaf deur Luan van der Walt, Landbou Ekonomiese Graan SA. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na luan@grainsa.co.za.

Pula Imvula se Aanhaling van die Maand

*Develop a passion for learning.
If you do, you will never cease to grow.*
~ Anthony J. D'Angelo

Verken jou gewasse gedurende Junie & Julie

Die oppervlakte wat beplan word om onder koring in die land aan te plant, word geraam dat dit effens toeneem het vanaf die werklike 491,000 hektaar (met 'n nasionale opbrengs van 1,524 miljoen ton, teen 'n gemiddeld van 3,1 ton/ha) wat verlede seisoen geplant is, tot 'n beraamde 500 200 hektaar die komende seisoen.

Werklike gemiddelde opbrengste wissel van 1,8 ton/ha gemiddeld in die Wes-Kaap, 8,2 ton/ha in die Noord-Kaap, wat die opbrengste van 4,1 ton/ha wat gerealiseer is in die groot area in die Vrystaat onder spilpuntbesproeiing weerspieël en 'n kombinasie van droëlandproduksie en spilpunt besproeiingskoring is.

Koringpryse vir lewering in Mei 2018 beloop R3 825 per ton en dit blyk 'n opwaartse tendens te wees. Dit impliseer 'n waarde van R5,931 miljard vir die 1,55 miljoen ton gewas wat geoes moet word.

Elke boer het verskillende produksie omstandighede om koring onder droëland of besproeiing te produseer. Die opbrengspotensiaal verskil van provinsie tot provinsie, maar selfs teen 1,8 ton/ha moet die waarde van sowat R7 000 per hektaar bestuur en beskerm word.

Konstante verkenning van die gewas vir onkruid, plaë en siektes moet onmiddellik na plant plaasvind om te verseker dat die finale opbrengsteikens gerealiseer word.

Landverkenning is die gereelde inspeksie van koringlande om die aanvang, vordering en kritiese ontwikkeling van enige plaagvlakke te meet, wat die welstand en finale opbrengs van jou gewas kan beïnvloed.

Plantperiodes

Aanbevole droëland aanplantingsdatums van kultivars vir winterkoringproduksie wissel van 7 Mei in die Noordwes-Vrystaat tot Junie en Julie en tot en met 7 September vir laat aangeplante winterkoringkultivars in die Oos-Vrystaat. Besproeiingsareas sal hoofsaaklik in Junie tot Julie geplant word. Droëlandproduksie in die Wes-Kaap word gewoonlik beperk tot Mei.

Elke boer sal besig wees om hul koringoes te verken vanaf die presiese plantdatum op hul eie lande en dit sal baie drasties van ander gebiede verskil. Gedurende Junie en Julie sou die gewas opgekom het en in die vroeë stadiums van groei wees. Die aanvang van sekondêre wortelontwikkeling is baie belangrik om te noem, aangesien hierdie faktor die finale opbrengs grootliks sal beïnvloed.

Verkenning

Landverkenning is die gereelde inspeksie van koringlande om die aanvang, vordering en kritiese ontwikkeling van enige plaagvlakke te meet, wat die welstand en finale opbrengs van jou gewas kan beïnvloed. Peste wat in hierdie definisie genoem word, sluit in enige insekte, onkruid en siektes wat 'n moontlike negatiewe impak op die gewas het.

Kennis van plaagbiologie en om bewus te wees van die plaë wat in jou produksiegebied voorkom, is van kritieke belang om enige veranderende toestand te kan evalueer. Gereelde verkenning verhoed onnodige behandeling en uitgawes indien die plaag nog nie 'n voorafbepaalde vlak van negatiewe opbrengs bereik het nie, dus kan totale inkomste verhoog. Dit is van kritieke belang om kultivars te kies en te kweek wat bestand is teen die Russiese Koringluis en verskeie blaar-, stam- en strookroes, afhangende van jou produksietoestande.

Onkruidbesmettings is krities teen die saailingstadium en jou verskaffer van che-

miese beheer moet geraadpleeg word om die korrekte behandeling aan te beveel, teen 'n gepaste en koste-effektiewe stadium van die gewasontwikkeling. Daaglikse waarneming van jou oes en formele verkenning moet minstens een keer per week plaasvind. Jy kan ook bepaal of jou bestuurstrategieë werk, of probleme veroorsaak.

Riglyne

Gebruik 'n 1 meter by 1 meter staalrooster om die aantal onkruid per vierkante meter te meet. Neem 'n sakmes en monstersakke saam met jou. Loop deur die hele land in 'n sigsag patroon om breedvoerig te evalueer vir onkruid, plaë en siektes. Wees gefokus en so opletend as moontlik om die absolute detail te sien van wat in die verskillende groeistadia gebeur. Met insekbesmettings is 'n aanslag van die aantal insekte wat per blaar voorkom, belangrik. Vir siekteverkenningstoetse, plante wat tekens van verdwering, letsels, verkleuring, vergeling of tekens van vroeë afsterwing toon.

Die boer kan ook die doeltreffendheid van die kunsmisprogram monitor tydens die ontwikkeling van die gewas in terme van kleur, groeistadium, sekondêre wortels en later die stoelproses wat verband hou met die werklike plantpopulasie wat opgekom het.

Gevolgtrekking

Omvattende gewasverkenning sal jou in staat stel om jou optimale opbrengsteikens te realiseer deur in staat te wees om enige plaagprobleme wat mag ontstaan, betyds te hanteer en te behandel.

Artikel verskaf deur 'n afgetrede boer.

BEMARKING

– dink alternatief

Hoekom boer jy? Die mees voor die hand liggende reaksie moet wees om geld te verdien. Hoe kan jy geld verdien uit 'n boerderybedryf? Produseer 'n produk/te waarvoor daar 'n aanvraag is – mense wil die produkte hê – en wat jy kan verkoop (bemark) teen 'n wins, wins is Inkomste - Koste.

Om wins te maak, moet jy jou besigheid behoorlik bestuur waar dit behels, om te beplan, te organiseer, te implementeer en te beheer. 'n Boerderybesigheid het verskeie areas wat behoorlik bestuur moet word. Hierdie areas is produksiebestuur, bemarkingsbestuur, finansiële bestuur, menslike hulpbronnbestuur, aankoopbestuur, bate- en voorraadbestuur, administratiewe bestuur, skakelbestuur en algemene bestuur.

Van hierdie bestuursareas is produksiebestuur, bemarkingsbestuur en finansiële bestuur die kritieke areas. Die ander areas is almal ondersteunend aan hierdie drie areas. As jy egter 'n boer wil wees, is dit belangrik om alle areas behoorlik te bestuur.

In Suid-Afrika vind ons steeds dat die area waarop ons boere konsentreer, produksie is, maar verwaarloos bemarking, veral nuwelinge. Verwaarloos in die sin dat ons steeds bemarking doen op 'n meer formele wyse – lewer gewasse aan die formele markte soos wat die meeste doen.

Die formele markte word gestruktureer en gereguleer deur een of ander vorm van ooreenkoms, wat impliseer dat daar gewoonlik 'n derde party betrokke is en verwag word om 'n vorm van

Informele markte verwys basies na 'n situasie waar jy self die bemarking doen deur 'n derde party en enige formele gestruktureerde bemarkingsmetode uit te sluit.

bemarkingsgeld soos 'n kommissie te betaal. Die formele markte sal wees om jou gewasse te lewer aan die silo's van landboubesighede, groente aan varsproduktemarkte, lewendehawe aan lewendehaweverkope, of slagpale, ensovoorts.

As kleiner boere en diegene wat nog steeds nuut is in die boerderybedryf, moet ons onthou dat die formele markte baie hoë gehalte produkte benodig, gewoonlik in groter hoeveelhede gelewer en elke dag, of elke week konsekwent afgelewer. Dit beperk die kleiner en/of nuwe boer. Daarom hoor ons dikwels die kommentaar dat ons boere dit moeilik vind om hierdie markte te betree en die regering aan te moedig om te help.

Daar is egter ander maniere om jou produkte te bemark – op voorwaarde dat jy bereid sal wees om 'n bietjie moeite te doen. En ons verwys spesifiek na die sogenaamde informele mark. Dit is 'n belangrike mark wat met merkwaardige sukses benut kan word as jy bereid is om ekstra moeite te doen.

Informele markte verwys basies na 'n situasie waar jy self die bemarking doen deur 'n derde party en enige formele gestruktureerde bemarkingsmetode uit te sluit. Die informele markte word hoofsaaklik aangetref in die informele nedersettings rondom alle groot stede en dorpe. Dit is 'n belangrike mark en groei steeds weens verstedeliking en 'n toename in getalle. En onthou dat mense moet eet – dit is 'n absolute basiese behoefte.

In 1950 in Suid-Afrika het 40% van die bevolking in stedelike gebiede gewoon en die res (60%) in voorstedelike gebiede. In 2004 het 60% van die mense in stedelike gebiede gewoon en tans is ongeveer 65% mense verstedelik. Voorspellings dui

aan dat teen 2030 sowat 71% van die mense verstedelik sal wees. In 1960 was ons bevolking 17,4 miljoen mense en vandag 56 miljoen.

Verstedeliking is 'n reaksie op swak ekonomiese toestande in die voorstedelike gebiede, hoofsaaklik as gevolg van werkloosheid. Die meeste mense migreer na die groter stedelike gebiede as gevolg van die indruk dat werk beskikbaar sal wees. Beter skoolgeriewe is ook 'n motiveerder vir migrasie na stedelike gebiede.

As ons na die informele mark kyk, is daar 'n groot vraag byvoorbeeld vir bokke en in mindere mate koeie vir seremoniële of kulturele redes. Daar is 'n groot tekort aan bokke in Suid-Afrika en sowat 300 000 bokke word elke jaar uit ons buurlande ingevoer. Hoekom nie hierdie mark ondersoek nie?

Vars vleis, hoender, eiers, groente is almal in aanvraag in die informele mark. Julle het almal gesien hoe mense vars groente en ander produkte langs die pad by hulle stalletjies verkoop en party kos voorberei (braaimielies, kotas, sishanyama, sishebo). Het jy al ooit die moontlikheid ondersoek om sulke entrepreneurs te voorsien van die produkte wat hulle benodig? Of selfs jou eie stalletjie oprig indien dit prakties is?

As jy 'n mieliemoer is, oorweeg om van jou mielies as groenmielies te verkoop. Daar is baie goeie geld wat gemaak kan word. Oorweeg om waarde toe te voeg – pak 'n paar van jou mielies in kleiner pakkies om in die informele mark te verkoop aan mense wat 'n paar hoenders aanhou. Of produseer jou eie mieliemeel.

Vroeër het ons aangedui dat die formele markte baie streng is op kwaliteit produkte, vaste hoeveelhede en konsekwente aflewering. Die informele markte is hier baie meer verdraagsaam, maar goeie gehalte en konsekwente beskikbaarheid sal altyd verkoop en normaalweg teen 'n beter prys.

Ons boodskap – herooverweeg jou bemarking, gebruik jou inisiatief, kry inligting, ondersoek alternatiewe bemarkingswyses en ondersoek alle moontlike alternatiewe produkte. Jy moet na jouself omsien, niemand anders gaan dit doen nie.

Artikel verskaf deur Marius Greyling, Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na mariusg@mcgacc.co.za.





Gebruik **MIELIERESTE** met die korrekte aanvullings gedurende die winter

Die huidige geelmielie prys op die Safex termyn kontrakprys van sowat R2 120 per ton vir die Junie 2018 termyn, is effens laer as die prys van R2 203 in Junie 2008. Dit is 'n raaisel as jy besef dat dit tien jaar gelede was.

Die vergelykende waardes vir sonneblom is tans R4 620 teenoor R5 316 tien jaar gelede en R4 465 teenoor R4 702 vir sojabone. Die geelmielie prys het gedurende Mei 2016 op R3 635 sy piek bereik. Op hierdie vlak kan min toegevoegde waarde boerderybedrywe soos pluimvee, insluitende die produksie van braaikuikens en lêhenne, suiwel-, vark- en beesvleisprodukte wat mielies as primêre produk gebruik, enige winste uit hierdie bedrywighede genereer.

In teenstelling met die vernaamste graanpryse, het vars vleis uit die dikrib se pryse na die verbruiker van R43/kg in Junie 2008 gestyg tot R88/kg in Maart 2018. Oor tien jaar het beesvleis oor die algemeen verdubbel, terwyl die hoof graanpryse dieselfde gebly, of afgeneem het. Huidige en toekomstige pryse vir vleissnitte het gestabiliseer, aangesien baie verbruikers sukkel om vleis by kleinhandelaars aan te koop.

In reële terme, met inagneming van die afname in die waarde van die rand en drastiese stygings in toerusting en direkte produksiekoste oor tien jaar, is dit 'n wonder dat enige graanboere nog kan oorleef. Doeltreffende boerdery binne die graanproduksiepotensiaal van jou gebied, deur gebruik te maak van die plantreste wat oorgebly het na die mielieoes, gekombineer met 'n groter lewendehawe faktor, kan die wagwoord vir oorlewing en sukses wees.

Mieliereste as 'n wintervoedingsopsie

Mieliereste is vir generasies in Suid-Afrika en deur beide groot en klein boere regoor die wêreld gebruik as 'n wintervoerbron vir beeste en skape. Sojaboonreste kan ook gebruik word as 'n strategiese wintervoedingsbron, in samewerking met die gebruik van mieliereste, om beide skape en verskillende groepe beeste deur die winter te dra.

Alhoewel die reste 'n hulpbron is wat aangewend kan word, kan die werklike tonnemaat



Deur die plantreste wat na die mielieoes op die land gelaat is te gebruik, tesame met 'n groter lewendehawe faktor, kan die wagwoord wees vir oorlewing en sukses. Foto: Johan Kriel



Vee wei op mieliereste. Foto: Johan Kriel

“Die boer moet die diere altyd vir gewig en kondisie verlies waarneem.

Redaksie

GRAAN SA: BLOEMFONTEIN

Louw Wepenerstraat 46
1ste Vloer
Dan Pienaar
Bloemfontein
9301
► 08600 47246 ◀
► Faks: 051 430 7574 ◀ www.grainsa.co.za

HOOFREDAKTEUR

Jane McPherson
► 082 854 7171 ◀ jane@grainsa.co.za

REDAKTEUR & VERSPREIDING

Liana Stroebel
► 084 264 1422 ◀ liana@grainsa.co.za

ONTWERP, UITLEG EN DRUK

Infoworks
► 018 468 2716 ◀ www.infoworks.biz



PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:

Afrikaans,
Engels, Tswana, Sesotho,
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere

ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERDERS

Johan Kriel
Vrystaat (Ladybrand)
► 079 497 4294 ◀ johank@grainsa.co.za
► Kantoor: 051 924 1099 ◀ Dimakatso Nyambose

Jerry Mthombothi

Mpumalanga (Nelspruit)
► 084 604 0549 ◀ jerry@grainsa.co.za
► Kantoor: 013 755 4575 ◀ Emelda Mogane

Jurie Mentz

Mpumalanga/KwaZulu-Natal (Louwsburg)
► 082 354 5749 ◀ jurie@grainsa.co.za
► Kantoor: 034 907 5040 ◀ Sydwell Nkosi

Graeme Engelbrecht

KwaZulu-Natal (Dundee)
► 082 650 9315 ◀ dundee@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8069 ◀ Nkosinathi Mazibuko

Luke Collier

Oos-Kaap (Kokstad)
► 083 730 9408 ◀ goshenfarming@gmail.com
► Kantoor: 039 727 5749 ◀ Luthando Diko

Liana Stroebel

Wes-Kaap (Paarl)
► 084 264 1422 ◀ liana@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8057 ◀ Hailey Ehrenreich

Du Toit van der Westhuizen

Noordwes (Lichtenburg)
► 082 877 6749 ◀ dutoit@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8038 ◀ Lebo Mogatlanyane

Sinelizwi Fakade

Mithatha
► 071 519 4192 ◀ sinelizwifakade@grainsa.co.za
► Kantoor: 012 816 8077 ◀ Cwayita Mpotyi

Artikels wat deur onafhanklike skrywers geskryf word, is die mening van die skrywer en nie van Graan SA nie.

Gebruik mieliereste met die korrekte aanvullings gedurende die winter

Die gebruik van kommersieel beskikbare lekkes kan óf gebruik word om die gewigstoestand van 'n kudde te handhaaf, of gemeng word om die groei van die diere wat op die land geplaas word vir beweiding van die reste, te verhoog en te verbeter.

wat deur verskillende veegroepe gevreet word, gekompliseer word deur ander faktore. In 'n bewaringsbewerking mielieproduksiestelsel moet die boer die moontlikheid inagneem dat die vee die lande kompakteer indien hulle ingejaag word wanneer die grond bo veldvogkapasiteit is en die hoeveelheid reste wat op die grond gelaat moet word ten einde die grondbedekking en doelwitte vir vrugbaarheidsverbetering in 'n bewaringsbewerkingsprogram te verbeter.

Benutting van mieliereste

As 'n algemene reël kan die hoeveelheid mieliereste wat na oestyd oorgebly het, geskat word op ongeveer gelykstaande aan die mielieopbrengs wat gerealiseer word. 'n 2,5 Ton/ha mieliesaad opbrengs sal ongeveer 2,5 ton mieliereste op die grond laat vir wintergebruik. 'n 4,5 Ton saad-opbrengs sal ongeveer 4,5 ton reste/ha op die grond laat en dieselfde geld vir droëland opbrengste van 8 ton/ha tot 10 ton/ha en besproeiings spilpunte van 16 ton/ha saadopbrengs. Op sommige plase is daar dus 'n groot voerbron wat effektief deur skape of beeste gebruik kan word.

Die reste bestaan uit mieliegraan wat nog steeds aan die kop is, pitte op die grond wat met die strooppres afgeval het, die kop self, blare en stingels. Die stoppels wat agterbly, hang af van die stroopmetode en die hoogte van die mieliekoptafel. Die mate van opmaal of opkerf van die reste hang ook af van die hoeveelheid reste wat deur die stroper uitgeblaas word. Die hoeveelheid en gehalte van die reste sal wissel van plaas tot plaas.

In 'n proef oor drie jaar by die Dundee navorsingstasie het 7,4 ton/ha mieliereste bestaan uit 0,2 ton/ha graan, 1,47 ton/ha van die kop, 3,17 ton/ha blare en 2,52 ton stronke. 4,1 Ton van die oorblywende materiaal beskikbaar is gebruik oor ses weke. Die boer moet die diere altyd vir gewig en kondisie verlies waarneem. Die optimale weidingstydperk kan

slegs 4 tot 5 weke duur, afhangende van die werklike toestande wat ervaar is en beoogde bewaringsbewerking wat beplan word.

'n Groot koei sal tussen 8 tot 10 kilogram reste per dag eet. As 'n maklike gids, kan 4,5 ton/ha reste dus vir 45 tot 56 dae een groot koei/ha dra, of 100 koeie/ha vir ongeveer 4,5 tot 5,6 dae. Jy moet 'n skatting maak wat relevant vir jou kudde en groepe diere is wat op die lande geplaas word, of dit jong kalwers, of koeie met kalwers is. Dit is belangrik om goeie heinings en genoeg water beskikbaar te hê. Reste kan ook gedurende baie nat wintertoestande wegwaai of minder beskikbaar wees.

Aanvullende lekkes

Die gebruik van kommersieel beskikbare lekkes kan óf gebruik word om die gewigstoestand van 'n kudde te handhaaf, of gemeng word om die groei van die diere wat op die land geplaas word vir beweiding van die reste, te verhoog en te verbeter. Lekke is 'n vereiste om die beeste aan te moedig om die reste te gebruik en benodig proteïene wat verkry word uit ureum- en nie-ureumbronne, vesel, kalsium, fosfor, magnesium, swael, kalium, koper, mangaan, sink, kobalt, jodium, yster, selenium en vitamien A. Gebruik per kop kan tussen 375 gram/kop/dag tot 500 gram/kop/dag wees, afhangend van al die betrokke faktore.

Boere kan 'n basiese mengsel koop om met hul eie mielies te meng, afhangende van die doelwitte wat geteiken moet word. Dit is noodsaaklik om advies te verkry van die gevestigde maatskappye wat baie verskillende formulerings en ondervinding bied wat by jou boerderysituasie en vereistes pas. Die onderwerp het 'n komplekse wetenskap geword en hang af van jou beplanning en beesbestuur behoeftes.

Samevatting

Oorweging van jou klimaatsone, landtipes en aangeplante droëland, of besproeiings weidings wat gebruik word, sowel as die beënde opbrengs van mielieoesreste, kan in 'n effektiewe plan opgeneem word om voer vir jou kudde regdeur die jaar te voorsien.

Artikel verskaf deur 'n afgetrede boer.